(5250)

L. van der Merwe

# 'Liewer horinglose reno

Verskeie redes soos politieke onstabiliteit rondom onafhanklikwording, groeiende grondliggende ekonomiese agteruitgang en onvermoë om die steeds groeiende aantal wilddiefstalle te bekamp, het aanleiding gegee tot Namibië se 'Operasie Bicornis'.

Die estetiese speel 'n belangrike rol by mense — of hulle vir of teen onthoorning is. Dit is vir party mense skokkender dat die manjifieke dier wat vir 40 miljoen jaar so te sê onveranderd oorleef het, binne sekondes so wreed mismaak kan word, as om die ontbindende karkas van 'n dier wat deur wilddiewe vermoor is, te aanskou.

Kritiek en vrae het vanuit alle oorde ingestroom, selfs van internasionaal erkende natuurbewaarders. Al antwoord wat die Namibiese natuurbewaarders kon gee, was: liewer horinglose renosters as geen renosters nie.

Blythe Loutit wat in beheer is van die intensiewe monitering van die renosters is voortdurend in die spervuur. Sy het in 1988 die gesogte David Scott merietetoekenning ontvang vir haar baanbrekerswerk met die bewaring van die renoster.

Die bewaringsowerhede in Damaraland en die nie-staatsgeondersteunde medewerkers soos Blythe en haar personeel is in die beste posisie om die kritiese vrae van buitestaanders te beantwoord. Die afgelope vyf jaar reeds bestudeer hulle die uiters bedreigde Namibiese subspesies, *Diceros b. bicornis,* waarvan 97 persent van die totale wêreldbevolking in Damaraland voorkom. Aangesien hulle die diere so te sê van geboorte af dophou, hulle spore en horings meet en hul bewegings monitor, is dit te verstane dat hulle persoonlik betrokke voel by elkeen van hierdie diere wat deur wilddiewe gedood word.

Daar word gevra wat sal gebeur as 'n onthoringde renoster 'n gewone een teëkom. Dit is baie onwaarskynlik aangesien die operasie op beperkte groepe wat min kontak met ander het, gedoen is. In elk geval is daar geen rekord van gevegte, selfs tussen "gewone" renosters nie.


Die navorsers dink ook nie dat roofdiere vir die onthoringdes 'n gevaar sal inhou nie. Waarskynlik sal die geweldige liggaam en die aanvallende houding en geraas wat die renoster maak as hy bedreig voel, genoeg wees om aanvallers af te skrik.

Hoewel renosters hulle horings soms gebruik om kos mee by te kom, is die plantegroei in Damaraland gewoonlik so kort dat dit binne bereik van selfs die onthoringdes is.

Die Loutits verwerp ook die gedagte dat wilddiewe die renosters nog sal skiet om die oorblywende horing of ander liggaamsdele te kry. Hulle sal baie dom wees as hulle dit doen, want die boete vir die doodmaak van 'n renoster is baie hoër as vir handel in die horing. Alhoewel die vel ook op die swartmark verkoop word, is dit baie minder werd as die horing en nie die moeite werd om jou lewe voor op te offer nie — 'n prys wat baie wilddiewe vir hulle oortredings betaal. Die risiko om gevang te word tydens 'n tydrowende aksie soos die afslag van die vel, is ook te groot.

Nog 'n argument is dat mense teleurgesteld sal wees om die "verminkte" diere te sien. Daarvoor is mense glad te nuuskierig. Hulle kom juis om dit self te sien.

In die tydperk ses maande voor 'Operasie Bicornis' is ten minste 16 van 'n moontlike 100 swartrenosters in Damaraland deur wilddiewe gedood en 11 in die Etoshanatuurreservaat. "Operasie Bicornis" is juis te midde van 'n skerp styging in die aantal wilddiefstalle aangekondig. Dit was een van die drastiese maatreëls om 'n einde te maak aan die afname in renostergetalle. Namibiese natuurbewaarders was nie onnodig bekommerd nie. In die vroeë tagtigerjare was daar tussen 14 000 en 15 000 swartrenosters in Afrika. Tans is daar minder as 4 000. Die swartrenoster het reeds in baie lande uitgesterf. Slegs in Suid-Afrika, Zimbabwe en Namibië is daar 'n toename in swartrenosters.




*Right: 'Grog' facing the wide open spaces of Damaraland once more, perhaps with an improved prospect of survival in a time of escalating poaching.* • *Regs: 'Grog' weer eens op die oop vlaktes van Damaraland met 'n beter vooruitsig op oorlewing in 'n tyd van toenemende stropery.*

*Poached elephant — a fate the dehorned rhinos will hopefully not share.* • *'n Slagoffer van stropers — 'n lot wat die onthoringde renosters hopelik nie sal deel nie.*

*Photos/Foto's: Chris van der Merwe*

# sters as geen renosters!'



Die rede vir die swartrenosterslagting lê natuurlik hoofsaaklik in hulle horings. Dit word gebruik vir jagmeshandvatsels in Noord-Jemen en as 'n bestanddeel in gewilde Oosterse medisynes, veral liefdesdrankies. Onwettige renosterhoring het al tot $22 000 per kilogram behaal. Die plaaslike inwoners wat betaal word om die diere te jag, kry gewoonlik 'n breukdeel van die prys wat behaal word. Net in Zimbabwe alleen is daar die afgelope twaalf maande tientalle wilddiewe gedood in skermutselings met natuurbewaarders. Blykbaar dink die wilddiewe nie dat dit 'n te hoë prys is om te betaal nie.

Twee natuurbewaarders van Zimbabwe het 'Operasie Bicornis' bygewoon. Alhoewel hulle die moontlikheid van onthoorning in hulle eie land sterk oorweeg het, is toestemming op die laaste oomblik geweier.

Die Loutits beskou nie die hele saak as 'n eksperiment nie. Dis vir hulle 'n drastiese stap wat by gebrek aan fondse geneem moes word om die renosters uit die wilddiewe se kloue te hou. Dit is ook so dat die horings wel weer groei, hoewel dit baie lank neem. Miskien gee dit hulle genoeg tyd om die toerusting wat hulle so dringend nodig het om die diewe te beveg, te bekom.

Die vraag ontstaan waarom renosterhoring nie verkoop kan word om hierdie broodnodige fondse te bekom nie. As die horing dan wel weer groei en die operasie pynloos is, waarom kan die horings nie selektief geoes word nie? Die Konvensie vir Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (CITES) verbied enige handel in renosterhoring. Grondige argumente ten gunste van die verkoop van horing wat wettiglik bekom is, word egter geopper. Daar is persone by CITES wat die saak heroorweeg in die oortuiging dat die beheer oor horingverkope dan uit die hande van die sindikate geneem sal word en natuurbewaarders in beheer sal plaas. Hulle voel ook dat intelligensiedienste wêreldwyd verskerp moet word om hierdie sindikate aan die man te bring.

Die voortgesette slagting van renosters in Afrika bewys dat CITES gefaal het. Die direkteur van die Bedreigde Natuurlewevereniging, John Ledger, dring daarop aan dat lande wat hulle renosters oppas, die reg behoort te hê om hulle horing te verkoop. 'n Ander moontlikheid vir hulle is om hulle van CITES te onttrek en direk te onderhandel met die groot handelaars om 'n manier te vind om die handel in horing wettig te beheer.

Renosterboerdery met die oog op horingverkope en renosteroorlewing blyk dalk nog glad nie so vergesog te wees nie. Die IUCN se beginsel is die volgehoue benutting van natuurlike hulpbronne, wild ingesluit. Selektiewe "renosterboerdery" sal nie hiermee bots nie. Dit sal nie noodwendig in Namibië begin nie, maar indien dit aanvaarde internasionale bewaringsbeleid word, sal almal wat omgee vir die oorlewing van hierdie spesie hulle hoed moet afhaal vir diegene wat eerste die moed gehad het om te onthoring om te laat leef.

*— Chris van der Merwe*